# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel VII. 21 MAART, 1952. No. 2.


# MASSA PUKKE OP EERSTE JAARVERGADERING VAN A.S.B.

## A.S.B. Program van Aksie

### *Minister as spreker en 'n Mynbesoek aan Johannesburg*

**Die eerste programvergadering van die Puk se A.S.B. is op 13 Maart in die hoofgebousaal gehou en is deur 'n groot gehoor bygewoon.**

**Mnr. Ligthelm, die voorsitter van die P.U. se A.S.B. tak het die program van aksie vir die jaar bekend gemaak. Hy het gesê dat daar program-vergaderings gehou sal word waarop ook buitestaanders op die vergaderings sal optree en nie net personeellede soos die geval in die verlede was nie.**

**Mnr. de Villiers**, van Grondbewaringsafdeling het dan ook op hierdie eerste vergadering van die jaar 'n interessante en leersame toespraak oor die gevare van gronderosie gelewer.

Te oordele aan die program van die A.S.B. vir hierdie jaar lyk dit of daar sommer volop aksie in is. Vier programvergaderings word deur die loop van die jaar gehou. Onder andere sal 'n andersdenkende persoon, en heel waarskynlik 'n Nusasgesinde, 'n kans gebied word om sy standpunt voor die A.S.B. te kom stel.

**MINISTER AS SPREKER.**

Pogings is alreeds gemaak om 'n minister gedurende die derde kwartaal voor die A.S.B. te laat optree. In die verband is die naam van Min. Verwoerd genoem en alles dui daarop dat die minister sy weg sal oopsien om hier as spreker op te tree.

**Die konsentrasiekamp-kerkhof sal hierdie jaar twee keer geskoffel word, 'n landsdienskamp word gedurende die April-vakansie in vooruitsig gestel en kort na die aanvang van die derde kwartaal word 'n Johannesburgse myn besoek.** Laasgenoemde uitstappie sal 'n hele dag duur en pogings word aangewend om ook ander besienswaardighede in die stad te gaan besigtig. In die verband is ook die S.A.U.K. genoem. Alles beloof om uiters leersaam en interessant te wees.

# THALIA SE PLANNE VIR DIE JAAR

### *Toer deur N.O. Transvaal*

**Nadat die Puk se Toneelvereniging hom verlede jaar pragtig intern gekonsolideer het, gaan hy die Universiteit hierdie jaar in die buitewêreld propageer.**

## Nuwe naam en nuwe geesdrif.

Vanjaar is dit die eerste keer dat die Toneelvereniging van die P.U. vir C.H.O. offisieel as **Thalia** bekend sal staan. Die nuwe naam gaan ook gepaard met 'n nuwe ondernemingsgees en as 'n mens na die namelys van die aspirant-toneelspelers kyk, blyk dit dat daar vanjaar besondere entoesiasme oor die saak bestaan; daar verskyn naamlik 82 name op die ledelys—meer as tweemaal soveel as wat die ledetal verlede jaar was.

## Uitdunning.

Met die oog op 'n voorgenome toer wat in Julie na N.O. Transvaal sal plaasvind, sal daar binnekort 'n uitdunning gehou word, waarna ongeveer 20 persone aangewys sal word om aan die toer deel te neem. Hierna sal die repetisies dadelik begin.

## 17 Opvoerings.

Die organiseerders van die toer verklaar dat die toerplanne lankal reeds in die haak is en dat die toer op 26 Junie in Pretoria 'n aanvang sal neem en 800 myl, 24 dae en 17 opvoerings later in Groblersdal sal eindig. Ook sal daar heelwaarskynlik nog 'n opvoering in Potchefstroom gehou word na die afsluiting van die toer.

Die regisseuse sal mev. **Joan Ingram Barrish**, die bekende skryfster wees. Oor die keuse van die stuk is daar nog nie finaal besluit nie, maar dit sal óf **„Gif en Ou Kant,"** 'n vertaling van **„Arsenic and Old Lace,"** óf **„Eindeksamen,"** 'n vertaling van die Hongaarse stuk, wees. Laasgenoemde is nog net eenkeer in Suid-Afrika opgevoer.

Die geselskap sal per trein reis en o.a. deur die Krugerwildtuin tot omtrent 40 myl van Lourenco Marques af toer.

Dit sal die eerste keer wees dat die Toneelvereniging 'n toer onderneem na die geslaagde toer van O.-Transvaal en N.-Natal in 1950.

## Verdere Opvoerings.

Naas die toer sal **Thalia** ook nog gedurende die jaar aan die A.S.B.-toernooi deelneem wanneer veral die lede wat nie die toer sal kan meemaak nie 'n kans sal kry om aan eenbedrywe deel te neem.

# VREUGDEDAG VROEG VANJAAR

## 35 VLOTTE

Met die oog op die baie werksaamhede wat daar vir die Pukke gedurende die jaar voorlê, het die Vreugdedag-komitee besluit dat Vreugdedag vroeg in die tweede kwartaal gehou sal word. 13 Mei is as voorlopige datum aangegee.

**FAKULTEITSHOOFDE.**

Die fakulteitshoofde is reeds gekies. Hulle is nl. Mnre. Mike Henning (B.A.), Sakkie Bingle (B.Comm.) en Piet van Wyk (B.Sc.) Die B.A.-tokkelokke en B.Sc. Huishoudkunde studente sal die B.Comm. groep versterk.

**POTCHEFSTROOM, VENTERSDORP, KLERKSDORP.**

Die B.A. fakulteite het 15 vlothoofde gekies en hierdie groep sal Potchefstroom op horings neem. Daar is 10 B.Comm. en 10 B.Sc. vlothoofde aangewys en hulle sal op Vreugdedag die Klerksdorpers en Ventersdorpers onderskeidelik van hulle geld ontlas.

Die voorsitter van die Vreugdedag-komitee het die hoop uitgespreek dat die Pukke vanjaar se Vreugdedag sommer 'n skitterende sukses sal maak.

Die fondse, of te ware afpersings, sal, onderhewig aan S.R.- en Senaats-goedkeuring, aan Polio-navorsing geskenk word.

# ALABAMA MAAK STOOM-OP

## Toer na Rhodesië Beoog

### Oefening Vorder Fluks

**Die Puk se orkes het hierdie jaar al sommer vroeg-vroeg begin oefen en is reeds goed op pad om een van die puikste Alabama orkeste te word wat Puk nog ooit gehad het. Die orkes sal na verwag word uit 18 lede bestaan waaronder 3 eerstejaars. Die lede van verledejaar se orkes wat nie weer beskikbaar is nie, is deur puik nuwe talent vervang.**

**Mnr. Flip Snyman**, die leier van die orkes, is reeds so in sy skik met die goeie vordering wat met die oefenery gemaak is, dat hy vroeg volgende kwartaal al met naweek-toere na omliggende dorpe wil begin. Dit lyk of die Puk ook nou meer van die Alabama te sien gaan kry, want dit is die orkes se uitgesproke hoop om soveel as moontlik aan die studente-aktiwiteit vanjaar deel te neem, en ons het die orkes dan ook al op verskeie sulke geleenthede sien optree. Verder is daar ook deur die Alabamabestuur besluit om gedurende die jaar oefenkonserte in die Hoofgebousaal te hou om die orkeslede 'n bietjie touwys te maak en waarna ons sal kan gaan luister.

Soos gewoonlik sal die orkes weer 'n volkspelê demonstrasie groep hê wat orals saam met orkes sal optree, en ook sal daar weer 'n toneelopvoering by die program ingesluit wees. Hoewel daar met laasgenoemde nog nie veel vordering gemaak is nie, het die 12 neefs en niggies van die demonstrasie-groep onder leiding van mej. **Juliana van der Ahee**, al hulle litte begin losmaak. Al die neefs is lede van die orkes, maar aangesien die Alabama 'n tekort aan dames toon, moes nog niggies gewerf word.

## 2,566 myl toer.

**Die Alabama is voornemens om gedurende Julie in Suid-Rhodesië in te vaar op 'n konsert-toer van 2,566 myl. Hierdie is 'n deel van die wêreld waar die Alabama verlede jaar reeds naam gemaak het en die orkeslede voel oortuig dat nog so'n toer soos die van verlede jaar, uiters suksesvol sal wees.**

Hoewel die orkes nie voornemens is om weer 4,500 myl soos verlede jaar af te lê nie, hoop die (Vervolg op bladsy 3, kol. 4).

T. WEVER
BOEKHANDEL
en
ANTIKWARIAAT
vir al u
Wetenskaplike
Boeke
—:o:—
Volkskasgebou
Telefoon 1164.
Kerkstraat 62.

INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

KLERASIE
vir die huisgesin
Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.
GROOT WAARDE!
KLEIN PRYSE!
Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.
BLACK EN KIE, BPK.

TOETS JOU OË
by
M. SINGER
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.


Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

# KORRESPONDENSIE

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
9 Maart, 1952.

Geagte Redakteur,

'n Mens kan dit hoog op prys stel dat daar sekere mans op die P.U. rondloop wat opbouende kritiek aan die dames aanbied. Maar 'n mens hoef nie bang te wees om opbouende kritiek te gee nie. . Die man wat so 'n held was om die dames te kritiseer is in sy siel tog maar 'n lafaard, want anders sou hy sy naam onder die brief geteken het. In elk geval is dit my opinie van die saak. Miskien is vroumense nie so bang ne!

Wat die geagte Mnr. „Dalu" se opinie van die oudames is, is niks anders as snaaks nie. Het hy al ooit besef dat die hek van eerstejaars deur die hoofdame geskied? So ver ek weet het sy dit nie eers nodig om van so 'n „hoog-interessante" P.U. mansstudent gesleep te raak nie. Ek dink sy het wat sy graag wil hê. Die persone medeverantwoordelik is ook nie van dié wat „hunker van verlange" nie!

Hoe sal die „ou-here" daarvan hou as ons die eerstejaars vra, om maar nie meer 'foon en voordeur te beantwoord nie? Dink net, julle sal nie eers 'n eerstejaar uit die koshuis kan kry nie! So misverstaan julle een van ons pogings om die eerstejaars aan te leer om tog maar die 'foon van die ou-here wat eerstejaars wil „skiet" te beantwoord.

Die ou-here hou glo ook van natuurlikheid! Laat hulle tog ook maar van goeie maniere hou! As hulle nie die sitplekke vir die oudames wil aanbied in de studentesaal en elders, bied dit tog maar vir die eerstejaars aan!

Ek hoop my kritiek sal meer ter harte geneem word, as wat ek dié van die mans sal ter harte neem. Myne is nie eintlik as kritiek bedoel nie. Dit is maar net om die korrespondensie wat hier uitgelok moes word te ondersteun. Dit was mynsinsiens 'n uitstaande sukses!

Die uwe,

N. FEUCHT.

• • •

Ons Huis
P.U. vir C.H.O.,
15 Maart, 1952.

Geagte Redakteur,

In antwoord op die brief in die uitgawe 7 Maart van „Die Wapad," onderteken deur ene DALU, gepubliseer, wens ek Die Ou Heer DALU, kampvegter vir die regte van die eerstejaar dames, die volgende vriendelik onder die aandag te bring:

(i) Dat dit uiters laakbaar is vir 'n man, en nog temeer vir 'n jong en opgevoede man, om terme soos die volgende te besig teenoor dames, mense met 'n eergevoel en inherente trots: „'n Laaste desperate poging aangewend het om hulleself onder die aandag van Ou Here en DRAKE te bring," of, „genoemde desperate poging spruit natuurlik voort uit die feit dat dit nie meer lank sal neem voordat sommige van die Ou Dames die boonste sport van die leer wat na die rak lei, bereik het nie."

(ii) Dat sy kritiek, wat hy „Hoop en vertrou ter harte geneem sal word," en wat hy beskrywe as „Opbouende Kritiek," nie so besonder opbouend is as wat dit „bedoel" is nie. Inteendeel dit is meer as afbrekend!

(iii) Dat hierdie „opbouende kritiek" van die Ou Heer wat homself (seker maar om persoonlike redes of ook weëns „desperaatheid"!) nie wil laat ken nie, net daartoe dien om die kloof wat alreeds in ons studentegemeenskap, waar samewerking (veral tussen ons Dames- en Herestudente) onontbeerlik is, gapend gryns, nog meer te verbreed.

Ek dank u vir plasing.

I. C. J. MINNAAR.

• • •

Geagte Lesers,

As een van die oueres en bedaardes van ons gemeenskap het ek met 'n glimlag die hewige anti-daluïstiese reaksie van ons jongeres gadegeslaan. Onder hulle was verstandiges—onder hulle was sommer net opstandiges.

In die eerste plek sien ek die veelbesproke brief van die seer onbeminde „Dalu" as 'n blote herhaling van 'n ou-ou storie, waaraan 'n mens, as jy daar reg oor nadink, geen aandag moet skenk nie. As jy totaal onskuldig is, sal jy maar net glimlag oor sy onkundigheid.

Onder ons ongeplaasde, of sal ons sê misplaasde korrespondensie word o.a. melding gemaak van die swak kwaliteit van ons ouhere wat ook maar „op die rak sit." Dit ontlok weereens aan my 'n glimlag. Dat dames, wat soms so oor hul speursin kan roem, tog so min weet! Die groot meerderheid van die genoemde ouhere het vir hulle elders 'n oulike nessie geskrop. Hoekom sal 'n mens nou lol oor 'n ander mens se amoreuse aangeleenthede. Laat die ouhere sleep waar en wie hulle wil en laat die oudames dan maar put uit hul bron van „baie hoër kwaliteit as wat hier aangetref word" (ek kwoteer), en laat elkeen gelukkig wees.

Die opstandigheid is myns insiens geheel-en-al oorbodig. 'n Mens sal tog nie gaan 'n bohaai opskop oor 'n ou sakie wat vir jou belaglik lyk nie. Ag nee wat, kom ons laat vir Dalu maar met rus—miskien kom hy volgende keer met groter wyshede vorendag!

Kalm bly,

'N „OU" HEER.


AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL
Kerkstraat, Potchefstroom
vir
STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE
Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.
"Steeds tot U Diens."
Foon 363. Bus 149.

CORNER FRUIT STORE
Hoek van—Corner of
Kerk- en Retief Sts.
For— Better Fruit and Vegetables
Vir— Beter Vrugte en Groente.
Phone—118—Foon



# Die Wapad.

21 MAART, 1952.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*



REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. T. Herselman.
**Administrasiehoof:** J. J. Bekker.
**Tegniese Adviseur:** Jacs. van Rooy.
**Hulp-Adviseur:** R. van der Walt.
**Sport (Mans):** D. van der Supy.
**(Dames):** Mej. T. Struwig.
**Sosiale Aangeleenthede:** Mej. E. Breed.
**Varia:** D. F. Erasmus.
**Kuns en Wetenskap:** G. van den Berg.
**Fotografie:** L. J. Potgieter.
**Nuus:** F. R. P. de Bruyn.


# DIS AL WEER VAKANSIE!

**Skaars het ons mekaar gegroet of dis al weer sulke tyd. Pukkies, ons het hard weggespring en kan so 'n kort rustydjie bekostig. Dit is verblydend om te sien dat in alle opsigte groot entoesiasme openbaar word so vroeg in die jaar reeds.**

Wat sport betref het ons al sommer ver gevorder. Ons eerste voetbal vind al reeds Saterdag teen Diggers plaas. **Sterkte Theos!** Verskeie ander sportliggame het al wedstryde afgelê . . . sommige met meer, sommige met minder sukses.

**Wat die sosiale sy van die studentelewe betref, is ons ook reeds vinnig op pad. Liggame soos die A.S.B., die Debatsvereniging en die Alabama kan hulle daarop roem dat hulle alreeds 'n groot sprong gevorder het. Tydens die vakansie gaan geeneen egter heeltemal aflê nie. Daar word sommer gewoel in sekere kringe. Vergeet egter maar 'n tydjie die boeke en vir Dalu en rus lekker.**

Aan diegene wat die vakansie na die Van Riebeeckfees gaan sê ons net: ons beny julle en: hou ons naam hoog.

Aan een en almal van julle, Pukkies,—rus lekker!

# VAN DIE REDAKSIE

## Ons fotografie vorder.

Ondanks die feit dat in hierdie uitgawe geen foto verskyn nie, het ons op die gebied van die fotografie gevorder. **Mnr. Potgieter,** ons fotografiese redakteur, het 'n flitsligstel vir sy kamera aangekoop. Dit sal vanselfsprekend ons diens vergemaklik. Mnr. Potgieter is bereid om die koste van aankoop op homself te neem en sy toestel aan ons te „leen."

## Gereelde rubriekie.

Ons is voornemens om 'n gereelde klein rubriek „Van oral en nog wat," soos verlede keer verskyn het, in elke komende „Wapad" te plaas. U word dus uitgenooi om deel te neem hieraan en vir ons eienaardighede in te stuur. Volgende keer gaan ons hiermee voort.

## „Dalu" korrespondensie.

Die brief van **„Dalu"** in ons vorige uitgawe het, soos verwag, groot reaksie uitgelok. Daar is o.a. 'n lang vershandeling, (statistieke ingesluit), deur „Bets en Kie" ingelewer. Ongelukkig kon ons nie alle korrespondensie in dié verband plaas nie. Aangesien sommige van die briewe hoofsaaklik maar dieselfde inhoud bevat, plaas ons net drie daarvan: een van die dames en twee van die mans. Hiermee wens ons ook alle korrespondensie insake die betrokke brief af te sluit.—Red.


PLAZA
TEEKAMER
Foon 249 Kerkstraat 105
POTCHEFSTROOM.
Studente!
U word beskou as eregaste in die
• PLAZA •
en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

Drink en Geniet
S & S
Super Dilla
en
Super Orange
Sherr & Shakinovsky
AUTO LAAN
Foon 16

# Hades Redivivus

## *Dico Aliquid Ante Rem*

Die geskiedenis van Wet No. 2 op die liederlike papiri van Hades is magnefiek. Dit het vir die eerste maal terloops en gladnie ter sprake nie, onder die voorsitterskap en by die oordrag van die luierskap van Pastor Van Stootgare (Eertydse Rhodesstudent te Oxford) wat ironies genoeg, gepromoveer het in spykeriologie met sy dissertatio: “The action of dilute monkeynuts in the Southern Hemisphere,” die lig aanskou. Die veelbesproke Pastor het menige vergaderings in absentia bygewoon en hy was so indrukwekkend dat sy skaduwee, nadat hy dae lank weg was van ’n plek, nog te sien was. Dit is nou in gips vasgelê (die skaduwee) en kan nog in die museum te Tarentaal gesien word.

Daardie winderige Augustusaand op die maanverligte voorstoep van Gathlandia, wat as verhobg gedien het, het Pastor van Stootgare begin, (nadat hy sy orale orgaan skoongemaak het), deur spyt te kenne te gee dat sy moeder ongelukkig nie teenwoordig kon wees nie, maar besig was om te herstel na ’n aanval van koue voete en hoenderkop by Aliwal Noord. Op hierdie stadium is die spreker lastig geval deur ’n swaar hoesbui sodat die orkes onder die bekwame stok van Toetius moes ingryp. Pragtig was die vertolking van Beethoven of te wel Wortelkoppen, se Concerto in Z-flêt Meneer Opus 312A van 1910, afgewissel deur: „Daar’s ’n hele spul brakke in Turffontein, van Honore de Balzac. Merkbaar aangedaan deur die strelende musiek wat hom laat dink het aan die voetkwaal van sy moeder, het Pastor weer voort

---

Dit sê nie veel om ’n man van belang te wees nie. Die belangrikste man op ’n begrafnis is die dooie man.

---

gegaan. (Vir verdere besonderhede van die geagte Pastor se toespraak sien my: “Annals of Gaipianism,„ volume 97 p. 12006-19667 waar ek ’n beknopte homiletiese skets gee van sy afkoms, met spesiale verwysing na sy grotrede van 12 geuiter in heksameters en aleksandryne, vir skoolgebruik verwerk deur Hertog Spolstrasius. Die besonderhede van die veelbesproke wet volg:

### Aanklag volgens wet No. 2a.

Hierdie sieklike misgewas wat soos ’n parasiet uit die Gehenna opgeduik het, is nie tevrede om in sy vieslike eensaamheid te verkeer nie, en het pogings aangewend om ’n aantal ongewenste ondergrawende elemente om sy stinkende corpus te versamel.

### Wet no. 2.b.

That no creature, he, she or it, shall emerge from their dusty holes and spread their awful presence by sound, smell or sign, in this here pure and undefiled community.

It is well understood that the said disgraceful, awful smelling, reeling, wriggling creatures will reserve themselves within the boundaries of their vermin infested domiciles until the said creatures, he, she or it, hath obtained the rightful permission from the appointed honourable old Fathers and Mothers, to leave his room.

### Verdediging.

’n Muur wat wil val het stutte nodig; ’n baba moet opgepas word; ’n wurm moet grawe, al is dit ondergrawe.

### Uitspraak.

Jy wat sedisie wou pleeg en oprui teen die ouhere . . . jou keel sal van oor tot oor oopgesny, jou tong tot aan die wortel uitgeskeur en begrawe word in die sand van die see . . . in die laagwater, waar die water tweekeer in 24 uur eb en vloei. Avolare . . Amovere.

### Conclutie.

Segregatie, kongregatie, apolegatie, irrigatie, is dinge wat in ’n wel gestabiliseerde oftewel gesettelde gemeenskap toelaatbaar is, maar skreiend sy dit as daar tekens van cruipogatie by die laagste slikkerige klasse waargeneem, oftewel geobserveer, word.

Hierdie vorm van geweldadige rebelasie en onboetwaardige disintegrasie, waar daar pogings van stapel gegstuur word, wat tot doel het die uiteindelike penetrasie van die inhoud van die peniale lengte, dit is die corpus, van die waardige oue vaders, het die opstellers van die onberekenbaar oue Papiri van Hades, waarin opgeneem is die onregverdige wetkode, genoop om ’n wet, oftewel akte, oftewel Bill, met twee klousules, nl. (a) en (b) daaraan toe te voeg, opdat derglike aksies onder die emmigrante uit Drakonië, die afgeleë dwangkolonie van Hades, met wortel en tak, dit is gelyk aan met tak en wortel, uitgeroei mag word.

---

Potchefstroom: Een van die „smart” voorstede van Cachet.

• • •

**Klant:** Gee my ’n sjieling se wolwegif.”

**Winkelklerk:** Jammer, ons het geen wolwegif nie. Op die tweede vloer kan u rewolwers en skeermesse kry en op die derde is heelwat toue.

• • •

Verneem word dat Mnr. **Blackie Kruger** deur die hokkiebestuur gevra is om die spel vaarwel toe te roep. Rede? Die voorspelers kan die bal nie sien nie.

(Vervolg van bladsy 1).

bestuur om ’n toer met dieselfde omvang as verlede jaar s’n, af te lê.

Mnre. **Herselman** en **Snyman** het al verskeie kere na Johannesburg gegaan op soek na sekere nuwe bladmusiek. Hulle het glo ’n bietjie gesukkel met die duimswaaiery! Daar word darem gehoop om een van die allerluukste „Greyhound”-busse vir toerdoeleindes in die hande te kry.

As hierdie toer met sukses deurgevoer kan word, sal die Alabama seker met ’n swaar beurs van Rhodesië af terugkeer.

---

# Dalu se Rubriek

## *Die U.O.D.’s 1952*

Ek reken dat ek hiermee die gevoel van die groot meerderheid van die studentemassa vertolk as ek sê dat hier ’n sekere groep van ons mede-studente is wat besig is om die mooi samehorigheidsgevoel van ons inrigting baie te benadeel. Ek hoop egter dat hulle deur hierdie teregwysing sal besef dat ons almal net sulke goeie mense as hulle is.

Ek praat hier nl. van die groepie U.O.D. studente wat allermins vandag die reg het om hulle af te sonder van die res van ons studente. . Besef hulle nie vandag dat hulle maar ’n groepie aspirant-onderwysers is nie en dus tog seker nie die reg het om hulle van ons af te sonder nie? Waarom vind ons vandag so ’n sterk drang onder genoemde studente om hulself onder die aandag van hulle mede-studente te bring? Dit is tog sulke swak smaak om deur flou opmerkinkies op massavergaderings te probeer om aandag te trek.

Selfs by ons debatsverenigingsvergaderings vind ons dat indien enige van hulle sy opinie oor volksfeeste moet lug, dan moet die gehoor eers na ’n uiters oninteressante storie oor die U.O.D.-professie luister en as een van hulle graag iets in „Die Wapad” wil skryf (al is dit nou ook oor ’n spykerbankie) dan is dit tog so moeilik om die woord U.O.D. hier uit te laat!

As student van hierdie inrigting wil ek namens al my mede-studente net aan die U.O.D.’s die volgende vriendelike versoek rig: Asseblief julle U.O.D.’s ons weet tog almal julle is ook op Puk; moet julle nou nie nog verder aan ons opdring nie! Julle kan ’n mens tog so vreeslik irriteer.

DALU.

---

# SEWE MOENIES VIR HOKKIESPELERS

1. Moenie kruipsoolskoene gebruik nie. Dit vee die wit strepe uit. Speel liewers met “King Miners” of rugbyskoene. Dit maak nie saak of die veld na ’n gholfbaan of ’n patataland lyk nie.

2. Moenie vir die skeidsregter wag nie. . Begin speel sodra u die veld bereik. Hy sal u entoesiasme loflik vind.

3. Moenie met die skeidsregter argumenteer nie. Swaai die appels!

4. Moenie bang wees om u opponent raak te slaan nie. Blou oë en bloedneuse sal veel bydra tot die kleurrykheid van die omgewing.

5. Moenie probeer “score” nie. U sal u opponente se gevoelens kwes!

6. Moenie volgens die reëls speel nie. U maak die spel daarmee te gekompliseerd en eentonig.

7. Moenie voorgee dat u nie lus het vir die lemoenskyfies nie. Duik daarna en eet u dik.. Die opponente sal u geweldig imponerend vind.


ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

PARKER EN KIE
(EDMS.) BEPERK
Algemene Handelaars in Ysterware
Foon 30 Bus 245
POTCHEFSTROOM.
Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.
Werk gewaarborg.
Plaasimplemente en onderdele.
Gereedskap vir vakmanne.
Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens. .

ONS VERSKAF DIE VOLGENDE P.U.-KLEURE:
• Kleurbaadjies
(a) KLAARGEMAAK .... .... £8/5/0
(b) SNYERSMAAK .... .... .... £9/7/6
• Voetbaltruie
• Voetbalkouse
• Alle Sportbenodigdhede
U IS ALTYD WELKOM BY ONS.
UNIE-WINKELS BPK.
Foon 22-4746. Kerkstraat 45a,
JOHANNESBURG

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

Vir die kieskeurige Fietsryer:
Sopas uit Nederland ontvang:
FIETSE, MERK “HOLLAND.”
MANSFIETSE .... .... £14/10/-
DAMESFIETSE .... £14/12/6
Ook al die gewone merke van fietse in voorraad.
Verder:
OLIVETTI TIKMASJIENE,
GRITZNER NAAIMASJIENE
ens. ens.
J. HEIDEMA
Kerkstr. 30, teen die Geref. Kerk,
POTCHEFSTROOM.

Ondersteun ’n Oud-P.U.Kaner
J. P. V.D. WALT,
L.F.V.
KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.
Ek voorsien ALLES wat van ’n Apteek verlang word.

Studente!!!
Vir al u
HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
UNIE-BOEKHANDEL
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 90.
Foon 497.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES

W. J. SPAVINS EN SEUN
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.
Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

# DIT WOEL OP DIE SPORTVELD

## PUKKE OP WES-TRANSVAALSE ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Hoewel die Universiteit se atlete nie tot sulke groot dinge in staat was soos in die verlede nie, het hulle tog hulle man gestaan ten tye van die Wes-Transvaalse Atletiekkampioenskappe. Ongelukkig kon **Willie Nel**, ons Atletiekkaptein, weens 'n beenbesering wat hom al lank van die baan gehou het, nie deelneem nie.

Mooi vertonings is gelewer deur **Steenkamp** en **Mulder** in die mylnommer, **Casper Venter** in die 120 tree hekkies, **Koos Bosman** in dieselfde nommer en ook in die driesprong, **Steyn** in die verspring en **Alwyn Smit** in die twee myl.

---

Wat die toekoms is . . . 'n oop kolom vir laat berigte.

---

## DAMESSPORT

### HOKKIE EN KORFBAL TEEN DIE EERSTEJAARS

**Soos dit elke jaar die geval is, het die oudames en die eerstejaars mekaar weereens hierdie jaar op die sportvelde ontmoet. Die eerstejaars het vol moed met hulle stokke opgetrek om aan etlike opgekropte gevoelens te gaan uiting gee.**

### Korfbal.

Op die korfbalveld was die spel deurgaans baie lewendig, en die bal het van die middelhak met 'n eentonige reëlmaat gevlieg na die hande van die drie kranige doele van die oudames—**Thresia, Ina** en **Julliana.** Soos gewoonlik het hulle geen foute gemaak nie, en die eerstejaars is met 'n oorweldigende nederlaag van die veld afgestuur. Ongelukkig kon ons baie min van die talent van die eerstejaars bespeur, omdat die bal feitlik deurgaans in die hande van die oudames was.

### Hokkie.

Ten spyte van die feit dat die hokkiespan van die oudames die grootste gedeelte van die spel sonder die hulp van hulle kapteine en een skakel moes klaarkom, het hulle tog 'n oorwinning van 3—0 oor die eerstejaars behaal. Dit was drie baie mooi doele wat aangeteken is deur **Rina, Corrie** en **Kierie.**

### DAMESJUKSKEI TEEN P.O.K.

Onder die kranige leiding van **Mej. Lenie Meyer,** het 'n jukskeispan van P.U. teen 'n span van P.O.K. gespeel. Die universiteitsdames het die penne laat klap, maar as gevolg van gebrekkige afrigting het hulle vyfmaal vasgeval, en toe die spel gestaak is, was daar nog geen skofte aangeteken nie. P.O.K. het op punte voorgeloop, en dus 8—7 gewen. Daar is taamlik talent onder ons dames-jukskeispelers, en as hulle hulle net meer toelê op fyner punte van afrigting, sal hulle baie goed vaar in die wedstryde wat vir hulle voorlê.

---

## ‚GELUKSGODIN' TEEN EERSTE JUKSKEISPAN!

### TWEEDE EN DERDE SPANNE SPOG MET OORWINNINGS.

**Die eerste jukskeispan van die Universiteit was baie ongelukkig om Saterdag teen Dorp te verloor. Die tweede en derde spanne het egter met pragtige spel voor die dag gekom en hulle teenstanders speel-speel kafgedraf.**

Aanvanklik het die Pukke baie mooi gespeel en dit het gelyk of hulle op pad was om 'n oorwinning te behaal. Die telling was naderhand een skof elk, maar toe kom die keerpunt en die Dorp-span behaal net-net die wenpunte in die derde en beslissende skof. **Pottie,** die kaptein, het egter baie goed vertoon en is gekies om Wyksbond A volgende Saterdag te verteenwoordig.

### Ander storie.

Met die tweede en derde spanne het dit egter heel anders verloop. Hulle het sommer gou-gou getoon dat hulle op alle gebiede hulle teenstanders se meerderes was. Dit was ook nie lank nie of albei hierdie spanne het met die oorwinning in hulle guns van die baan afgestap.

## TENNISSEGES VIR UNIVERSITEIT;

In die afgelope ruk het die tennisspan van Puk van krag tot krag gegaan. In hulle eerste kragmeting van die jaar het hulle 'n welverdiende oorwinning oor Normaal behaal, en verlede Saterdag het hulle Dorp skoon uitgestof met 'n oorwinning van 9 spelle. Dit lyk dus asof ons tennisspan vanjaar tot baie dinge in staat is en dat hulle nog groot hoogtes gaan bereik.


KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

---

LUCILLE DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146,

POTCHEFSTROOM.

---

W. J. GROBBELAAR, Mans- en Dames-Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde JAMAL MASJIJENLOOS PERM

Bekwame Mans-afdeling. Sigarette en Fantasie Goedere.

---

Dames en Here!

Besoek vir nette behandeling

„DIE BULT HAARKAPPERS”

Foon 1486.

Tomstraat 55 - Potchefstroom

---

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL

VIR BESTE DIENSTE.

Von Wiellighstraat 7,

POTCHEFSTROOM.


# Kan jy goël?

In die rekenkunde het geleerdes opgemerk die getal 9 baie wonderlike verskynsels openbaar as ons 'n bietjie daarmee goël.

Die som van die eerste nege syfers van ons getalle-sisteem (d.w.s. 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9) is 45, wat weer tesame 9 is (5 + 4).

Wat meer is: 987654321

× 9=8888888889 d.w.s. 9 ag's.
×18=17777777778 d.w.s. 9 sewes.
×27=26666666667 d.w.s. 9 sesse.
×36=35555555556 d.w.s. 9 vyfs.
×45=44444444445 d.w.s. 10 viers.
×54=53333333334 d.w.s. 9 drieë.
×63=62222222223 d.w.s. 9 twees.
×72=71111111112 d.w.s. 9 eens.
×81=80000000001 d.w.s. 9 nulle.

Let op na die daling van die syfers in die vertikale ry. Daar is ook 'n styging in die syfers van die groot getalle regs van die gelykaantekenings (aan weerskante van elke getal).

Wat is die grootste getal wat uit drie syfers bestaan? ? Ja dit is $9^{99}$ 'n getal wat 'n vel papier van tweehonderd myl in beslag sal neem as die neergeskryf sou word. Geen persoon het egter nog daarin geslaag om dit uit te werk nie, want vir ons rekenkunde het ons dit nie nodig nie, aangesien ons gladnie 'n begrip kan vorm hoe groot so 'n getal werklik is nie.


*DAMES, BESOEK*

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE


'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur,” maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

---

Beter Tabak *

maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se

*gewildste*

sigaret




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

61-5